

ROGER BASHEW

Die Geselskap bied aan

Hennie Aucamp se

Met Permissie Gesê

'n KABARET

geborg deur
DROSTDY-HOF WYNE EN
DROSTDY SJERRIE
DROSTDY KELDERS, TULBAGH

Voorspraak

Die WAT verklaar die ontwykende begrip *kabaret* soos volg:
1. Oorspr., herberg, kafee; veral, in Parys, so 'n geleentheid waar kunstenaars hul komposisies, verse, ens. voorgedra het, aanvanklik in geslote kring, later voor 'n gehoor; tans, restourant, saal met toneelverhoog en dansvloer waarop variété-voorstellings gegee word onderwyl die gaste met drank en verversings bedien word en ook geleentheid kry om te dans; café-chantant: *Montmartre en Montparnasse is die buurt in Parys waar die meeeste kabarette te vind is.*
2. Verskeidenheidsprogram in so 'n vermaaklikheidsplek, bestaande uit afsonderlike nommers aangebied deur sangers, musikante, dansers en ander soorte kunstenaars, soms ingelei deur 'n aankondiger wat die gaste amuseer met allerlei spitsvondighede waarmee hy die verskillende nommers tot een geheel aaneenskakel; program van ligte vermaaklikheidskuns: *Die interessantste kunstenares wat daardie aand in die kabaret opgetree het, was Y.G.*
3. Groep kunstenaars wat tesame hierdie soort kuns beoefen; kabaretgroep, -geselskap: *Hy het...'n eie kabaretgroep gestig...hierdie kabaret (het) groot byval gevind* (André Huguenet.)
En miskien is dit raadsaam om met hierdie definisie te volstaan, want kabaret en verwante toneel- en musiekuitinge, soos die musical, die chanson ("levenslied"), die revue, straattoneel ens, is nie altyd skerp af te grens nie. As daar tog onderskei moet word tussen kabaret en chanson, sou ek sê dat kabaret oorhel na die intellektuele kant, terwyl die chanson meer emosioneel gerig is. Ek sien die chanson en die kaberet as aanvullings bymekaar; die een as tempering vir die ingeboude swakhede van die ander een. Want die chanson kan maklik verslap tot 'n smartlap; die kabaret kan steriel word in sy slimdoenery, of vergrof tot banale woordspelings om die guns van 'n populêre publiek te wen. Daarom het ek *chansons* ingesluit in *Met permissie gesê;* "lewensliedjies" soos "Rit deur die lang Karoo" en "'n Windharp teen die tyd", wat as korrektief moet dien by die miskien alte serebrale van die res van die program.
Of kabaret 'n toekoms in Afrikaans het, sal die tyd moet leer. Sekerlik is daar genoeg talent, veral onder jonger kunstenaars, wat uitgebou kan word. 'n Mens wil hoop dat die publiek gaan saamwerk aan die vestiging van kabaret, want kabaret skep 'n "ironiese ruimte" wat nie net sanerend is nie, maar in ons gekwelde tyd ook 'n oorlewingstegniek kan word.

Hennie Aucamp
15 Junie 1980

Program

Rook verbode tydens die opvoering

1 Proloog
2 Die A-en OE-duel (musiek: Clarabelle van Niekerk, Amanda Strydom, Sam Marais)
3 Lekker is 'n Vinger Lank
4 Rooikappie
5 Treurlied vir 'n vroetelpappie (musiek: Enrique Breytenbach)
6 Groen
7 'n Kort Hofsaak
8 'n Alsem is 'n Balsem
9 Nostalgie
10 Blad voor die mond (musiek: Clarabelle van Niekerk)
11 Droë Blare
12 Trapsgewyse of "Love's Old Sweet Song" (musiek: Laurika Rauch)
POUSE 5 MINUTE
13 Om Intestaat te Sterwe (musiek: Jannie Hofmeyr)
14 Kultuurverdag (musiek: Jan de Wet)
15 "Naak" en "Kaal": 'n mini-lesing
16 Naak is 'n mens gebore (musiek: Clarabelle van Niekerk)
17 Janblom dans 'n Masurka
Narreliedjie (musiek: Clarabelle van Niekerk)
Boulevardliedjie (musiek: Enrique Breytenbach)
POUSE 15 MINUTE
18 Laat staan sulke dinge laat staan
19 Rit deur die lang Karoo (musiek: Jannie Hofmeyr)
20 Guns are free in Angola (musiek: Jannie Hofmeyr)
21 Die kop van Jokanaan
23 Lied van die verminktes (musiek: Lettie Pretorius)
23 Oor mure en verlatenheid
24 Die lewe is 'n Grenshotel (musiek: Jannie Hofmeyr)
25 'n Preek vir die leek

Yvette Guilbert, na wie in die WAT-definisie van *kabaret* geheimsinnig as Y.G. verwys word. Sy is in posters en skilderye verewig deur Lautrec, maar hierdie portret van haar, uit die jaar 1909, deur Oskar Kokoschka, is minder bekend. Sy het die Franse kabaret, en veral die werk van Aristide Bruant, 'n Kontinentale begrip laat word.

Bertolt Brecht wat elemente van straatteater en kabaret in sy toneelwerk opgeneem het.

Janice Honeyman
Is 'n Stigterslid van Die Geselskap vir wie sy o.a. in HELLO AND GOODBYE, LYSISTRATA, MARAT/SADE en LUV opgetree het. In Die Geselskap se jong dae was sy verantwoordelik vir die regie van MAY DAY ADVENTURE PLAY ADVENTURES OF A MERRY MADCAP, TWELFTH NIGHT, THE CRUCIBLE en MADAME DE SADE.

Die afgelope drie jaar het sy haar op regie toegespits. In Londen was sy een jaar lank Leier van InterAction se Dogge's Troupe.

Na haar terugkeer na Suid-Afrika, was sy verantwoordelik vir die regie van HARDY FOLK, HOLY MOSES AND ALL THAT JAZZ, THE MERCHANT OF VENICE, AN ARABIAN NIGHT en LIVE HISTORY THEATRE by Die Markteater.

Sy het alom bekend geword as 'Clary' in SATV se BANGALORY TIME en as 'Dynamite Dolly' in THE DIGGERS.

Rosa Keet
Het haar opleiding by die Universiteit van Kaapstad ontvang voordat sy by THE FRIEND (Bloemfontein) en DIE VADERLAND as joernaliste gewerk het. Drie Bundels van haar werk: HYSTERA, BOOM VAN KENNIS en HIER KAN ONS ASEMHAAL is al uitgegee. Saam met Welma Odendaal het sy die letterkundige tydskrif DONGA, (wat verban is) begin. Sy het die produksie van MUSIEK EN LIRIEK by die Markteater asook die toer gereël. Was medewerkster op SATV se ELKE LIEDJIE VERTEL 'N STORIE; en was die dryfkrag agter hierdie produksie van MET PERMISSIE GESÊ by die Markteater.

Roger Bashew
Het sy teoretiese opleiding deeltyds aan die Universiteit van Kaapstad se Musiekskool ontvang en het jazz-verwerking per korrespondensiekursus by die Berkley College of Music, Boston bestudeer. Het die musiekverwerking van televisie-produksies soos UZ ADIBALZ, THE ZOOTS ROOTY TOOT SHOW en ALPHONSE & ANNIE onderneem, asook die temamusiek vir MUMFIE gekomponeer. Hy was musiekleier vir die Stellenbosse produksie van MUSIEK EN LIRIEK en vir die finale programme van ELKE LIEDJIE VERTEL 'N STORIE. Tans is hy besig met die musikale bewerking van talle "New Wave"-plate deur Afrikaanse sangers.

Laurika Rauch
Tree op in THE BEDSITTING ROOM en MUSIEK EN LIRIEK by Die Markteater. Was in verskeie televisie-produksies te sien, o.a. FYN NET VAN DIE WOORD, MUSIEK EN LIRIEK, ELKE LIEDJIE VERTEL 'N STORIE, en sal Binnekort in THE MAGIC TREE en LAURIKA RAUCH IN REVUE te sien wees. Was onlangs ook te sien in JAQUES BREL. Het Goueplaat-toekennings gekry vir haar enkelplaat, KINDERS VAN DIE WIND en vir haar langspeelplaat, DEBUUT; asook die Springbok Radio Toekenning vir die Veelbelowendste Sangeres van 1980.

Clarabelle van Niekerk
Was ook onlangs by die Markteater te sien in MUSIEK EN LIRIEK. Was lid van die O.V.S. Senior Jeugorkes wat die St. Moritz-jeugfees in Switserland bygewoon het. Sy het die musiek gekomponeer vir twee SAUK-kinderprogramme; asook die stemwerk en manipulasie vir UZ ADIBALZ en die ZOOTS ROOTY TOOT SHOW gedoen; en by Le chaim en Tortue opgetree as sangeres. Is vir 'n Sarietoekenning genomineer.

Rina Nienaber
Was die eerste aktrise om 'Mimi' in Pieter-Dirk Uys se DIE VAN AARDES VAN GROOTOOR by die Markteater te speel. Het ook hier in Ionesco se THE LESSON opgetree. Was in die plaaslike rolprente DIE SPAANSE VLIEG, NICOLENE, WITBLITZ EN PEACH BRANDY en PLEKKIE IN DIE SON te sien, asook op televisie in TJ 7, DIE LAASTE VAN DIE TAKHARE, DIE OPENBARE OOG, HOSPITAL en op die omblik in UMTINZINI SPA.

Amanda Strydom
Het in Johannesburg in CHRISTIAN en OH WHAT A LOVELY WAR opgetree. Werk as platejoggie op Radio 5 en Nightbeat. Tree op in die Kaap in KINKELS IN DIE KABEL en DIE WONDERWERK. Was onlangs op televisie te sien in ELKE LIEDJIE HET 'N STORIE, en sal binnekort te sien wees in LAURIKA RAUCH IN REVUE en HITCHCOCK HOUR.

Bill Curry
Het verlede jaar die Beste Byspeler Toekenning ontvang vir THE INDIAN WANTS THE BRONX by die Markteater; en het by die Nasionale Teater in Londen opgetree vir Die Geselskap in Athol Fugard se A LESSON FROM ALOES. Het ook by Die Markteater opgetree in INFO SCANDALS, Adam Small se THE ORANGE EARTH en onlangs in SHADES OF BROWN.

Gerben Kamper
Was 9 jaar lank lid van TRUK se Afrikaanse geselskap. Is in 1971 die Ludwig Binge-prys toegeken en verlede jaar genomineer as Best Akteur vir Die Hanswors in DIE KEISER. Hy was onlangs in BOBAAS IN DIE BOENDOE, DIE VERHOOR, ONVERWAGTE BESOEKER, AL OM DIE ANDER en RASHOMON te sien.

Sam Marais
Was by die Markteater te sien as Joseph in BLACK NATIVITY. In Durban het hy opgetree in dansproduksies soos MOVEMENT IN ACTION, BALLET JEUNE, CLYTEMNESTRA, THE TOY SHOP en in THE SULLIVANS OF SKEERPOORT, asook in kabaretvertonings by verskeie Durbanse nagklubs.

Kobus Kleynhans
Het in EQUUS in Natal, THE ALVON AND EVE SHOW in Zimbabwe, SOUTH PACIFIC in Kaapstad en PEEPSHOW en OLD MOORE'S ALMANAC by Die Baxter opgetree. Was te sien in hospital (SATV) en sal binnekort te sien wees in die plaaslike rolprente JOPIE FOURIE en KLAGSTRAAT: en in die televisieproduksies, OH GEORGE en SOMETHING OLD SOMETHING NEW.

'n Poster van Aristide Bruant deur 'n onbekende kunstenaar. Sy werk het 'n groot invloed gehad op die grondlegger van die Nederlandse kabaret, Jean-Louis Pisuisse.

LIED VAN DIE VERMINKTES

(ongeskonde soldaat)

Met ledemate ongeskonde
is ek weer terug uit daardie hel:
maar in my gees suis die mortiere,
en in my hart sit die skrapnel.

(Koor van vier soldate)

Elders val die lentereëns
en roep die voëls die môre;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

(soldaat tussen krukke)

Ek wou my ingraaf in die aarde
teen koeëls wat bontspring en ontplof;
my been lê op die veld vergete
maar ek bestaan nog: God sy lof

(soldaat in rolstoel)

Nou rol ek daagliks deur die strate
verskrik, of ek sirenes hoor.
Ek praat my moed in; word 'n pantser
wat reguit na hul bene spoor.

(Koor)

Elders val die lentereëns
en roep die voëls die more;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

(totaal verminkte soldaat)

Van my is oor dié bopie mensvlees
('n skaam en skamel nagereg)
wat in die skuling van die brein
sy bittereinde end-uit veg.

(koor)

Elders val die lentereëns
en roep die voëls die more;
maar hierdie aarde is verhard,
sy vrugte doodgebore.

'n WINDHARP TEEN DIE TYD

"God giveth songs in the night": Job

God skenk ons liedjies in die nag
— dit staan in Job en die Psalms —
want dan eers raak sy wêreld stil
gesuiwer van ons walms.

Dán eers raak die denne hoorbaar
met winde van die uur.
Dán eers raak die sterre leesbaar
met silwer binnevuur.

Stokou denne langs my huis
sing naglank monoloë,
praat groot en hees en digterlik
en stem jou ingetoë

Dán eers kan ek jou onthou
soos jy eenmaal was vir my:
en sing ek met my bome saam
en stel my liefde vry.

Glinsterpunte van die sterre
in dieptes van oneindigheid
reik uit en vang ons liedjies op:
'n windharp teen die tyd.

KULTUURVERDAG

Ons is die Sannas
van die Hoogkultuur
ons skop na ons kuns
maar nooit na sensuur.

Sensuur is die borsrok
wat rolle bedwing
tot almal eenstemmig
ons stamwysie sing:

Lewe is een ding
en Kuns glad 'n ander
en nooit by ons Sannas
ontmoet hul malkander.

Regisseuse:	Janice Honeyman
Asst. Regisseuse:	Rosa Keet
Musiek O.L.V.:	Roger Bashew
Ontwerp:	Wilhelm Hahn
Kostuumontwerp:	Marlene Prinsloo
Beligtingsontwerp:	Mannie Manim
Dansadviseur	Graham Clarke
Klank:	James Williams
Verhoogbestuur:	Bruce Koch
Bygestaan deur:	Andrew Mabizela Karen Broll Elaine Bourne Brian Tilley Melanie Dobbs
Gasvrou:	Kathy Clark
Administrasie:	Mandie V.D. Spuy
Fotografie:	Ruphin Coudyzer
Bemarking:	Wendy Hyde
Garderobe:	Slauzy Marumo
Publisiteit:	Suzette Le Sueur

VIR DIE GESELSKAP
Artistieke Leier: Barney Simon
Besturende Direkteur: Mannie Manim

Kabaret-geselskap

Seremoniemeester (MC) en Gade		Bill Curry
Sy Gade		Amanda Strydom
1 Proloog		MC
2 Die A-en OE-duel	Anna I	Amanda Strydom
	Anna II	Clarabelle van Niekerk
3 Lekker is 'n Vinger Lank		MC
4 Rooikappie		Laurika Rauch, Rina Nienaber
5 Treurlied vir 'n vroetelpappie		Gerben Kamper, Clarabelle van Niekerk, Rina Nienaber
6 Groen		
7 'n Kort Hofsaak		MC
8 'n Alsem is 'n Balsem		Laurika Rauch
9 Nostalgie		MC en Gade
10 Blad voor die mond		Clarabelle van Niekerk, Kobus Kleynhans
11 Droë Blare		MC
12 Trapsgewyse of "Love's Old Sweet Song"		Laurika Rauch en Geselskap
POUSE 5 MINUTE		
13 Om Intestaat te Sterwe		Amanda Strydom
14 Kultuurverdag		Laurika Rauch, Clarabelle van Niekerk, Rina Nienaber, Amanda Strydom
15 "Naak" en "Kaal": 'n Mini-lesing		MC, Rina Nienaber
16 Naak is 'n mens gebore		Geselskap
17 Janblom dans 'n Masurka		Geselskap
	Paddaman/Paddaprins	Kobus Kleynhans
	Miss Konsepsie	Amanda Strydom
	Miss Oes	Laurika Rauch
	Miss Baxel	Rina Nienaber
	Miss Cookie	Sam Marais
	Beoordelaars	Gerben Kamper, Clarabelle van Niekerk
'n Narreliedjie	Gigolo	MC
'n Boulevardliedjie	Die Sanger Géé	Gerben Kamper
POUSE 15 MINUTE		
18 Laat staan sulke dinge laat staan		MC, Gade en Geselskap
19 Rit deur die lang Karoo		Sam Marais en Geselskap
20 Guns are free in Angola		Geselskap
21 Die kop van Jokanaan	Soldaat	Gerben Kamper
	Jongmense	MC en Gade
22 Lied van die verminktes		Geselskap
23 Oor mure en verlatenheid		MC
	Jong soldaat	Gerben Kamper
24 Die lewe is 'n Grenshotel		Geselskap
25 'n Preek vir 'n leek		MC en Gade
ORKES	Musiekleiding	Roger Bashew
	Musikante	Brendon Grealy Roger Bashew

HIERDIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING

In September 1980 in Stellenbosch, gedurende 'n opvoering deur die Dept. Drama, in samewerking met die Konservatorium vir Musiek en Dept. Beeldende Kunste, van Hennie Aucamp se *"Met Permissie Gesê"*, was die gehoor se onmiddellike reaksie een van opwinding. Daar, en vir die eerste keer, het 'n volwaardige kabaret voor ons oë ontplooi. 'n Kabaret in die tradisionele, Europese sin van die woord: sosio-politieke kommentaar oor die uiterstes van mens-wees in 'n samelewing so kompleks soos dié waarin ons leef. Maar ook 'n kabaret met Aucamp-deernis, satire, genade en ironie getemper; en een wat slegs vanuit 'n Suid-Afrikaanse agtergrond sou kón ontstaan.

In daardie stadium was daar nie enige planne om "Met Permissie Gesê" iewers anders op te voer nie, maar toe Drostdy Wynkelders genader is om die opvoering in die Markteater te borg, het hulle dadelik die potensiaal van 'n skakel tussen wyn en kabaret gesien en ingestem. En daarvoor wil ek hulle graag namens Johannesburg se teatergangers bedank.

Rosa Keet

Ons dank aan

DICK VOORENDYK • PIETMAN RETIEF • WILHELM LAURIE • DRIES SMIT
HELENE BASSON • HARRY HvITSTEN • JAMES STARKE • HERMAN PRETORIUS
MERWEDE V.D. MERWE • LEANNE MARTHEZE • BELINDA FORWARD, DEPT. BEELDENDE KUNSTE U.S., VIR VOORBLADILLUSTRASIE • TRADER HORN CARPETING CO. • WILLARDS
SIMBA • ACF INDUSTRIES • RANK STRAND ELECTRIC

NUUT BY TAFELBERG

MET PERMISSIE GESE – HENNIE AUCAMP
"Eendag, oor twee, drie jaar, gaan mense wat *Met permissie gesê* — op televisie of iewers in 'n rumoerige, rookgevulde teatertjie gesien het, oorloop van entoesiasme en verwondering, en wonder hoe dié kabaret — of 'revuette', soos die skrywer dit ook noem — ontstaan en vorm aangeneem het."
Kerneels Breytenbach, *Die Burger*

"Onder die lighartige pret en slimmighede is daar 'n rykdom van resonansie . . . Aucamp sien uiteindelik méér as net sosiale onreg en maklike sondebokke. Hy kyk na die weerloosheid van mense."
Hannes van Zyl, *Rapport*

"Aucamp has truly succeeded in making cabaret his blues."
Johan Cilliers, *The Cape Times*

PAPAWERWYN EN ANDER VERBEELDINGS VIR DIE VERHOOG – HENNIE AUCAMP
'n Bundel dramatekste waar op gesofistikeerde wyse met die dramatiese woord omgegaan word.

"*Papawerwyn* is vir die fynproewer . . ."
H.J.Schutte, *Die Transvaler*

"*Papawerwyn* bring lewe en kleur op enige verhoog. . ."
Rita Elferink, *Die Burger*

Binnekort beskikbaar:

LIEDJIEBOER – ANTON GOOSEN
Die voorste eksponent van Afrikaanse pop se lirieke byeen, met ghitaardrukke vir dié wat wil saamtokkel. Ingelei deur Kerneels Breytenbach.

KINDERS VAN DIE WIND EN ANDER LIRIEKE – KOOS DU PLESSIS
Die lirieke van Koos du Plessis word gekenmerk deur egtheid en deurleefdheid — dis troebadoerliedjies van die twintigste eeu. Hierdie versameling word ingelei deur Hennie Aucamp en bied as bonus die wysies en akkoorde.

Pryse is AVB eksklusief
By alle vooraanstaande boekhandelaars

TAFELBERG-UITGEWERS – KAAPSTAD, JOHANNESBURG

SAMRO

BESKERMER VAN GEESTESWERKE
DIE SKAKEL TUSSEN
KOMPONIS EN GEHOOR

POSBUS 9292 JOHANNESBURG 2000

Mark TEATER

BEHEERRAAD
I.S. Haggie (Voorsitter), B. Trisk (Ondervoorsitter), W. Baqwa, Prof. Bozzoli, P.P. Breytenbach, C.M. Fisher, L. Herber, T.W. Kambuhle, R. Krause, G. Lindop, M. Manim, M.S. Mc Lean, M. O'Dowd, B. Simon, R. Tucker, J. Wentzel.
KUNSGALERY ADVIESRAAD
M. Goldber, T. King, P. Stopforth, W. Weinek.
FOTOGALERY: Carole Hacker
Artistieke Direkteur: Barney Simon
Besturende Direkteur: Mannie Manim
Teaterbestuurder: Jon White-Spunner
Boekhouster: Nancy Boyle
Galerysekretaresse en Skakelbeampte: Moeka Stander
Administrasie: Mandie v.d. Spuy, Yasmin Abrahams

Die Geselskap

Die Geselskap is die resident-uitvoerende liggaam van die Markteater. Dit is aan die begin van 1973 deur Barney Simon en Mannie Manim en 'n klein groepie akteurs gestig. Dit is Die Geselskap se taak en toewyding om toneel aan alle mense in Suid-Afrika te verskaf.

Dit is die beleid van Die Geselskap om so ver moontlik relevante toneel aan te bied, om die werk van Suid-Afrikaanse skrywers, regisseurs en akteurs aan te moedig, en om dit te kombineer met die beste oorsese treffers en groot klassieke werke.

SLUIT AAN AS LID VAN DIE MARKTEATER-STIGTING

Pos hierdie vorm tesame met 'n tjek of 'n posorder vir R10,00 en ontvang volle lidmaatskap tot 30 September 1981.
U sal geregtig wees op die volgende voordele
1) 'n Lidmaatskapskaart - wat u 'n afslag van R1 op elke kaartjie gee vir vertonings vanaf Maandag — Vrydag 6 nm. Moet by Computicket/Teater getoon word.
2) Markteater-Nuusbriewe — bevat al die inligting oor opvoerings en uitstallings.
3) Uitnodigings na die opening van Kuns- en Fotogalerye.

VOLTOOI HIERDIE VORM

en pos dit aan Posbus 8656 JHB 2000

834-2046/7

Mark TEATER

Naam: ______
Adres: ______
______
______
Tel: Huis ______
Werk: ______